

## MELGISÉDEK – GEEN RAAISEL NIE

Gerrie Malan

Daar word dan en wan in ons kerke van die Bybelse figuur van Melgisédek melding gemaak. Mens begryp dat die Bybel nie vir ons veel oor hom sê nie – wat jammer is omdat die bietjie wat daar wel is vir ons aandui dat hy 'n belangrike figuur was. Hy word dikwels van die preekstoel af voorgehou as 'n tipe van Christus (en ek bevestig dit nie). Sommige predikers gaan so ver as om te sê dat hy inderdaad 'n gemanifesteerde verskyning van Christus was. Meestal word hy egter in 'offergawe of tiende leringe' genoem, waartydens onderstreep word dat Abraham aan hom 'n tiende van alles gegee het. Tiendes het dus voor die Wet reeds bestaan en argumente dat die konsep van tiendes 'n konsep behorende tot die Wet van Moses moet dus verval. Predikers versuim egter met reëlmaat om te vermeld dat dit 'n tiende van die oorlogsbuit was en nie van Abraham se persoonlike rykdom nie. Voorts noem hulle gerieflikheidshalwe ook nie dat hy die res wat hom toegekome het, aan die koning van Sodom teruggegee het nie!

Om te verstaan wie hierdie persoon, Melgisédek was, moet 'n mens drie belangrike dinge doen:

- Oorweeg die volledige konteks van elke plek waarin hy in die Bybel genoem word.
- Ondersoek die antieke geskrifte van die Hebreërs ten einde die 'algemene kennis' van daardie tyd vir 'n verduideliking te toets.
- Bestudeer en verstaan die brief aan die Hebreërs as een geheel en nie as brokkies en stukkies nie.

Een ding wat 'n mens nié moet doen nie:

- Om in geestelike filosofering te verval en inhoud by te voeg ver bo dit wat geskrywe staan ten einde 'n verduideliking te skep. Ongelukkig is dit juis wat so dikwels gebeur.

Mens tref Melgisédek die eerste keer in **Genesis 14:18-20** aan nadat Abram (sy naam het toe nog nie verander nie) vir Lot gered het uit die hand van die konings wat hom gevangene en sy besittings geneem het. Melgisédek word daarin koning van Salem en priester van die allerhoogste God genoem. Hy het brood en wyn gebring, en Abram geseën.

'n Duisend jaar later noem die Psalmis hom weer in **Psalm 110:4** – die Messiaanse Psalm wat melding maak van 'n priesterlike koning volgens die orde van Melgisédek – wat bloot beteken 'soortgelyk' of 'na die ewebeeld van').

Nog 'n duisend jaar verloop voordat Melgisédek weer ter sprake kom in **Hebreërs 7**. Hy word nogmaals die koning van Salem (of koning van vrede) en priester van die allerhoogste God genoem. Daar word ook verduidelik dat sy naam koning van geregtigheid beteken.

- Salem verwys na wat later Jerusalem geword het. Die stad was nie deur die Hebreërs gebou nie en hulle het ook nie aan die stad sy naam gegee nie. Dit was 'n stad van die Jebusiete voordat Dawid dit ingeneem het (2 Sam. 5:6). Die oorspronklike naam was waarskynlik Urusalimum of Ursalimmu. Dit het 'Fondasie van Salem' beteken, na 'n bekende Ugaritiese god. Die naam is waarskynlik slegs gehebraïseer omdat dit oënskynlik 'Vredesreën' beteken het. Met ander woorde, die Hebreërs het oënskynlik nie die stad hernoem toe hulle die geleentheid gehad het nie, dalk omdat dit so maklik in iets baie Hebreeus getranslitireer kon word ([www.abarim-publications.com/Meaning/Jerusalem.html](http://www.abarim-publications.com/Meaning/Jerusalem.html)). Die grondwoord *salem* dui 'n volledigheid of volkomenheid aan.

My navorsing het my weer eens na die antieke Joodse geskrifte geneem waar ek vasgestel het dat Melgisédek volgens die ou Joodse wysgere (wyse manne en leraars) niemand anders as Sem, Noag se oudste seun was nie. (Ek besef daar is nie oral eenstemmigheid of hy die oudste of jongste was

nie, maar dit maak geen verskil aan die verklaring van wie Melgisédek was nie). U mag moontlik dink, “wag ’n bietjie.” Sem was eeue voor Abraham gebore! U sal heeltmal korrek wees! Abraham is die negende geslag van Sem se nakomelinge (Gen. 11). Ons is egter geneig om te vergeet dat Sem tot die ouderdom 600 jaar geleef het terwyl op ouderdom 175 oorlede is. As ’n mens die tydvakke volgens die genealogie in Genesis 11 bereken, sou Sem ongeveer 390 jaar oud gewees het met Abraham se geboorte. Hy sou dan nie net in Abraham se leeftyd geleef het nie, maar ook vir Abraham oorleef het om die elfde geslag van sy nakomelinge te aanskou – Jakob!

Sem word die vader van al die kinders van Eber genoem. Eber was sy agter-kleinseun van wie die naam van die Hebreërs ontstaan het. Die geskiedenis bewys dat Sem en sy nageslag hulle in die area noord van die Persiese Golf gevestig het. Dit sou hom in die regte geografiese area geplaas het vir die ontmoeting met Abraham wat in Genesis 14 beskryf is. Noag se vervloeking van Kanaän, Gam se seun, het ingesluit dat Kanaän Sem se slaaf sou wees – nogmaals bevestiging van die geografiese opset. Volgens die mondelinge tradisie, asook antieke geskrifte van die Hebreërs, het Sem in daardie area bekend geword as *Malkitzedek*, die ‘Regverdigte Koning,’ wat brandoffers aan Yahweh gebring het. Hy was beskou as ’n profeet wat God as priester gedien het.

Hebreërs 11:7 beskryf Noag as die erfgenaam van die geregtigheid wat volgens die geloof is. In sy verbondopdrag aan Noag en sy seuns na die vloed, beveel God dat hulle vrugbaar moet wees, moet vermeerder en om die aarde te vul. Hierdie omstandighedsgetuie nis verskaf ook geloofwaardigheid aan die verduideliking dat Sem inderdaad Melgisédek was. Hy was die fisiologiese aanvang van die Messiaanse bloedlyn. Saam met sy agter-kleinseun, Eber, het hy mense van God geleer en so die geloof in Hom versprei deur ’n ‘skool’ wat as die ‘Akademie van Sem en Eber’ bekend geword het.

### **Kom ons oorweeg nou Hebreërs 7: 1, 2 & 3.**

*“Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom gesêen het; aan wie Abraham ook ’n tiende deel van alles gegee het—hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede; sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur.”*

Die Bybel bevat nie ’n geslagsregister vir Melgisédek nie. Hou by die lees van hierdie beskrywing in die brief aan die Hebreërs in gedagte dat geslagslyn in die Hebreëuse kultuur hoog aangeslaan is. ’n Individue se aansien is grootliks bepaal deur wie sy voorgeslagte was. Daarom was die skrywer van die Hebreërsbrief heeltmal korrek in sy beskrywing dat Melgisédek nie ’n afstammeling van Abraham was nie en inderdaad sy meerdere was. Abraham was sy afstammeling en dit sou gevolglik binne daardie kultuur korrek gewees het vir Melgisédek om Abraham te seën en nie andersom nie. Dit is dan ook korrek dat Sem nie ’n priester was deur die besluit van mense of weens Levitiese geslagslyn nie. Die Leviete het eers later op die toneel verskyn uit Sem se geslagslyn.

Waar die priester uit Abraham se geslagslyn voortgekom het, was dit nie in Sem se geval so nie. Die Israeliete sou later tiendes van hul landbouproduksie aan die Leviete (Abraham se nageslag) bring, terwyl Sem (of Melgisédek) ’n tiende van die oorlogsbuit van Abraham ontvang het. Dit vestig geensins ’n Bybelse basis vir die manipulerende tiende-leringe wat ons in soveel kerke en van televangeliste ervaar nie.

Die geskiedenis en antieke Joodse geskrifte uit ’n tydperk lank voordat die invloed van Griekse filosofie kennis kon besoedel, verskaf dus ’n sterk en nie-raaiselagtige verklaring van die figuur en teenwoordigheid van Melgisédek in die Skrifte.

**Ek het dikwels gewonder:** Het Abraham moontlik aan Sem se voete van die lewende God geleer en is dit hoekom hy so maklik die stem van daardie lewende God herken het toe hy deur Hom geroep is? Die antwoord het ek ’n tyd gelede ontvang toe ek deur die antieke Boek van Jasser (wat in Josua

10:13 en 2 Samuel 1:18 genoem word) geblaai het. Hoofstuk 9 van hierdie boek maak melding daarvan dat Abram op tienjarige ouderdom na Noag en Sem toe is, waar hy vir 39 jaar gebly en in die weë van die Here opgevoed is.

Sem beteken Naam. God staan ook in die Judaïsme as HaShem, of Die Naam, bekend.

### **Laaste gedagtes**

Die manier waarop die persoon en teenwoordigheid van Melgisédek in die kerkomgewing uit ware geskrewe konteks geneem en as 'n losse onderwerp gebruik word, is 'n klassieke voorbeeld van die skade wat teologie en bewysplaasskepping (Engels: prooftexting) aan die verstaan van die Woord aangerig het. Die brief aan die Hebreërs is wesenlik 'n brief oor geloof wat gedien word deur 'n Nuwe Hoëpriester in 'n nuwe (permanente) verbond, en wat gevestig is in 'n Enkele Offerande, eenmaal vir altyd. Die wese van die Nuwe Hoëpriester word verduidelik deur 'n tweeledige vergelyking ('n klassieke onderrigmetode van die tydvak):

- Priesterskap onder die Wet was in die menslike faktor gesetel – dit het voortgevloei uit die Levitiese geslagslyn en het daarom vanuit die mensfaktor ontstaan.
- Priesterskap wat direk vanuit God ontstaan. Die enigste bekende voorbeeld uit die Hebreuse Skrifte word gebruik, naamlik dié van Melgisédek. Die Nuwe Hoëpriester kom vanuit die Vader en nie menslike afstammelingskap nie. Soos vroeër beskryf beteken die uitdrukking 'soortgelyk' of 'na die ewebeeld van' – dus van God in teenstelling van die 'orde van Aäron', wat die menslike orde of patroon verteenwoordig.

### **Gevolgtrekking**

Op grond van die beskikbare kennis wat deur die Hebreuse kulturele omgewing beskikbaar is, is die verklaring dat Melgisédek Noag se oudste seun Sem is, die geloofwaardigste wat ek kon vind. Ek sien oorvloedige rede om hierdie siening te aanvaar. 'Melgisédek' behoort voorts as beskrywend van 'n status verstaan te word en nie as 'n persoon se naam nie. Die antieke geskryfte wys dat *Malkitzedek* in hoë aansien onder die mense gestaan het en dat die briefskrywer aan die Hebreërs die Christus op nog 'n hoër vlak beskryf.

Kopiereg © 2013 G.J. & M.J. Malan

Die Hoseakonneksie